

**KERNNOTAS OOR DIE ENSIKLOPEDIË VAN BIBLIOLOGIE AS TEOLOGIESE VAKDISCIPLINE MET  
VERWYSING NA NUWE-TESTAMENTIESE WETENSKAP  
PROF. GDS SMIT (FEBRUARIE 2018)<sup>1</sup>**

## 1. Ensiklopedie

Die woord ensiklopedie is 'n samestelling tussen die Griekse woorde ἐγκύκλιος en παιδεία wat volgens Stobaeus<sup>2</sup> vir die eerste maal opgeteken is in 50 v.C. Volgens hom verwys die frase na die Griekse filosofie van Plutargos wat die woord gebruik het wanneer na *algemene opvoeding* of *die opleiding van 'n kind* verwys is. Die woord ἐγκύκλιος kan ook verwys na iets wat in 'n sirkel beweeg, waaruit sommige aflei dat dit verwys na die "volledige opvoeding" van 'n kind<sup>3</sup>. Die sirkel verwys na 'n kring van sake wat 'n ontwikkelde mens (of geleerde mens) behoort te weet en verstaan.

Die woord kom by Plinius die oudste (23-79 n.C.) voor<sup>4</sup> in sy *Naturalis Historiae* waar hy verwys na 20 000 feite en 2000 werke van 200 outeurs wat hy geraadpleeg het om 'n volledige oorsig te gee van die natuurlike geskiedenis.

"Ensiklopedie" wil dus aanspraak maak op 'n "geheeloorsig" of "volledige prentjie" van 'n saak of onderwerp.

Tydens die Middeleeue vind ons 'n oplewing in die gebruik van die woord "ensiklopedie" waar dit gebruik word as verwysing na die "kring van die wetenskappe". In dié opsig kry "ensiklopedie" die betekenis van 'n handboek met die tersaaklike inhoud van verskillende vakke van die wetenskap.

Ensiklopedie is vervolgens 'n filosofiese wetenskap binne die Wysbegeerte aangesien dit poog om 'n sistematiese oorsig te gee oor 'n wetenskaplike veld waarmee die mens hom besig hou en hoe die mens daarvoor dink. Dit is ook die rede waarom sommige verwys na "ensiklopedie" as 'n onderdeel van die Filosofie<sup>5</sup>.

## 2. Die Teologiese Ensiklopedie

In die Teologiese ensiklopedie gaan dit om "Teologie" as wetenskap en sy onderdele of verskillende vakgebiede.

Dit bring die vraag na vore of daar hoegenaamd na "Teologie" as wetenskap verwys kan word? Volgens Berkhof<sup>6</sup> gaan Teologie uit van 2 basiese veronderstellings, naamlik a) dat God bestaan en b) dat Hy Homself in sy Woord geopenbaar het. Vir hom lê die probleem in die gebruik van die woord Teologie as wetenskaplike dissipline daarin dat godsdiens naderhand die plek van God as die voorwerp van studie inneem. Die moderne mens het volgens Berkhof opgehou om die kennis van God te beskou as iets wat in die Skrif gegee is en het homself aangestel as die "soeker na God"<sup>7</sup>.

<sup>1</sup> Voordrag gelewer tydens die AP Akademie se "Teologiese Integrasie"-gesprek op 7 Februarie 2018.

<sup>2</sup> Volgens J. Christes (2008). "Enkyklios paideia" in *Brill's New Pauly, Antiquity*. Francis G. Gentry (red.). [http://dx.doi.org/10.1163/1574-9347\\_bnp\\_e330600](http://dx.doi.org/10.1163/1574-9347_bnp_e330600). Toegang: 2 Februarie 2018.

<sup>3</sup> Soos bv. in die *American Heritage Dictionary (AHD)* (<https://ahdictionary.com/>). Volgens AHD het sekere Latynse kopieerders die woord verkeerdelik geles as 'n samestelling, vandaar die woord: *enkyklopedia*.

<sup>4</sup> Beagon, M. 1992. *Roman Nature: The Thought of Pliny the Elder*. Oxford:Clarendon.

<sup>5</sup> Van Inwagen, P. & Sullivan, M., "Metaphysics", in *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*. 2016 Edition. Stanford Universiteit.

<sup>6</sup> Berkhof, L. [1949] 2015. *Systematic Theology*. E4 Group. Kindle uitgawe, Kindle plek 54.

<sup>7</sup> *Ibid.*, Kindle plek 72.

Verder handel die vraag oor die definisie van “teologie” en van “wetenskap”. Dit lyk vir Berkhof voor-die-hand-liggend dat as Teologie ‘n wetenskap is, dat dit anders is as “normale” wetenskappe waaraan ons gewoon is (soos fisika, geografie ens.).

Immanuel Kant het ‘n geweldige groot invloed gehad op die manier hoe daar oor “wetenskap” gedink word. Hy het ontken dat die mens enigiets kan “ken” of “weet” (vandaar “wetenskap”) behalwe dit wat met die sintuie te doen het (die fisiese). Kant het nie die bestaan van die onsigbare ontken nie, maar het gemeen dat dit geloofsake is (meta-fisiese) en nie met wetenskap te doen kan hê nie<sup>8</sup>. Sedertdien het “teologie” as wetenskap ‘n harde pad gestap.

Berkhof meen dat baie mense die idee wou behou dat teologie ‘n wetenskap is, maar hulle wou dit doen nadat hulle oortuig geword het van Kant se idee<sup>9</sup> van wetenskap. Dit het beteken dat hulle teologie ‘n wetenskap van “sigbare dinge” moes maak. Wat met die sintuie te doen het is die mens se psige. Daarom moes teologie geherdefinieer word as die “wetenskap van die godsdiens” of “godsdienswetenskap” teenoor die klassieke beskouing in die kerkgeskiedenis dat teologie die “wetenskap oor God” is<sup>10</sup>. So het dit gebeur dat teologie by baie Teologiese Fakulteite die studie geword het van die verskynsel van godsdiens wat ons in die menslike belewenis daarvan kan bestudeer wanneer hulle met die meta-fisiese gekonfronteer word. Godsdienswetenskap bestudeer dus nou die mens se reaksie op God, en nie God nie.

Berkhof is van mening dat as daar nie “openbaring” was nie, sou die mens niks gehad het om te bestudeer nie. So hard as wat die wetenskap probeer om van die openbaring van God af weg te hardloop, kan dit nie die natuurlike openbaring ontkom nie. Teologie is dus vir Berkhof ‘n wetenskap omdat dit rekening hou met die werklikheid van die sigbare openbaring van God.

Teenoor die argument dat die natuurlike wetenskappe die vermoë het om fisiese toetse in ‘n laboratorium te kan doen om hipoteses te bewys, stel Berkhof die sigbare werklike Woord van God wat as’t ware soos ‘n laboratorium dien vir die toets van God se openbaring<sup>11</sup>.

Teologie het egter nie dieselfde metodes as natuurwetenskappe nie. Die oorspronklike betekenis van die woord “wetenskap” is egter hier ter sprake: dit is “om kennis op te doen”. Baie wetenskaplikes ontken vandag dat iemand God kan ken. Hulle meen dat jy net in God kan glo. So ‘n benadering ontken egter heeltemal dat die Bybel die openbaring van God aan die mens mag wees. Om die Bybel as openbaring van God te aanvaar is vir Berkhof nie ‘n kwessie van geloof alleen nie maar van kennis. Die wetenskaplike moet ook glo dat sy gereedskap om die toetse uit te oefen, betroubaar is. Maak dit sy wetenskaplike bevindinge minder oortuigend omdat ons sy bevindinge kan toets maar nie sy meetinstrumente nie?

Teenoor Berkhof betoog Leithart teen die gebruik van die woord Teologie in sy geheel: “*Theology is an invention of biblical scholars, theologians, and politicians, and one of its chief effects is to keep Christians and the Church in their proper marginal place. Theology is gnostic, and the Church firmly rejected gnosticism from her earliest days*”<sup>12</sup>. Verder aan skryf hy: “*Theology is bad enough, but modern theology is theology cultivated into idolatry*”<sup>13</sup>. Vir Leithart lê die probleem nie in die gebruik van die woord “teologie” nie, maar in die misverstand wat daar bestaan by die res van die wêreld oor wat “teologie” is en nie is nie. Hy wil hê dat gelowiges nuut moet dink oor verskillende aspekte van

<sup>8</sup> “Kant” in *Internet Encyclopedia of Philosophy. A peer-reviewed Academic Resource*. Sacramento, VSA. <https://www.iep.utm.edu/kantmeta/>. Toegang: 5 Februarie 2018.

<sup>9</sup> Berkhof, L. [1949] 2015. *Systematic Theology*. E4 Group. Kindle uitgawe, p. 46.

<sup>10</sup> *Ibid.*, p. 46-47.

<sup>11</sup> *Ibid.*, Kindle plek 54.

<sup>12</sup> Leithart, Peter, J. 2003. *Against Christianity*. Moscow, USA: Canon Press. Kindle uitgawe. Kindle plekke 495-497.

<sup>13</sup> *Ibid.*, Kindle plek 529.

ons teologiese tradisie. Vir Leithart is aanbidding ‘n geskiedenis klas<sup>14</sup>, want dit herinner jou aan God se reddende daad in die verlede; prediking is opleiding in Christelike taalgebruik<sup>15</sup>, want jy leer nie ‘n vreemde taal deur rustig te sit en luister hoe iemand anders dit praat nie, maar om dit te drill en te herhaal en oor-en-oor dieselfde te hoor; gebed is nie “stiltetyd” nie<sup>16</sup>, maar ‘n tyd van worstel met die sonde en jou hart uitstort voor God.

In die geskiedenis was daar verskillende benaderings ten opsigte van die vraag of teologie wetenskap of kuns is? Augustinus het teologie verstaan as ‘n vorm van die intellek (*intellectus fidei*) en daarom is teologie “wysheid”. Hierdie tema is uitgebou deur Anselmus en deur al die middeleeuse teoloë aanvaar. Thomas Aquinas beskryf teologie as die “hoogste vorm van wysheid”<sup>17</sup>. Dit stel hy teenoor die Franciskane wat teologie verstaan het as “praktiese wetenskap” omdat dit praktiese belang vir die mens het.

Dit is ook verder baie insiggewend om na te lees hoe Thomas Aquinas in sy *Summa Theologiae* oor teologie as wetenskap gedink het. Vir Aquinas was daar 5 basiese kenmerke aan wetenskap, waaraan teologie ook voldoen het. Vir ‘n basiese oorsig, verwys ek net kortliks na die bydrae van Geoffrey Turner in “*St. Thomas Aquinas on the ‘Scientific’ Nature of Theology*” wat aanlyn beskikbaar is<sup>18</sup> asook die bydrae van David Munchin wat sy Ph.D.-proefskrif in 2009 gedoen het oor die vraag of teologie ‘n wetenskap is?<sup>19</sup>.

### 3. Verskillende teologieë?

Oor die plek van die Bibliologie in die Teologie, kom ‘n verdere vraag op, naamlik of daar verskillende teologieë bestaan? Is daar een teologie as wetenskap of moet ons verwys na die Lutherse teologie, Roomse teologie, Gereformeerde teologie en ander as teologieë? Gemeenskaplike definisies is tog nie moontlik nie, want die verskille kom nie alleen in die metodiek uit nie, maar ook in die aannames en die objek wat behandel word. Daar is geen lewensterrein waar dieper persoonlike oortuigings in die beoefening van die wetenskap geld nie, as juis op die terrein van die teologie. Daarom kan volstreekte objektiwiteit nie geld nie en is dit derhalwe nodig om by die beoefening van die teologie eers ondersoek in te stel wat die vertrekpunt, of oortuiging of voorveronderstelling is waaruit die ondersoeker of wetenskaplike vertrek en wat vir hom/haar as die ware teologie geld. Dit beteken dat, al kan teologie as ensiklopediese vak nie ‘n konfessionele karakter dra nie, aangesien dit filosofies van aard is, behoort die Teologiese Ensiklopedie minstens rekening te hou met die tradisie of Teologie waaruit die Teologiese dissipline bedryf word.

### 4. Die doel van die Teologiese Ensiklopedie

Uit die bostaande blyk dat die doel van die Teologiese Ensiklopedie die volgende behels:

Dit het ‘n wetenskaplike doel:

- Om die verbande tussen die Teologiese wetenskap en die wetenskap in sy geheel uit te wys;

<sup>14</sup> *Ibid.*, Kindle plek 770.

<sup>15</sup> *Ibid.*, Kindle plek 785.

<sup>16</sup> *Ibid.*, Kindle plek 816.

<sup>17</sup> Turner, a.w., p. 467.

<sup>18</sup> Aanlyn beskikbaar by: <http://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1111/j.1741-2005.1997.tb02790.x/pdf>

<sup>19</sup> Munchin, D. 2009. *Is theology a science? The nature of the scientific enterprise in the scientific theology of Thomas Forsyth Torrance and the anarchic epistemology of Paul Feyerabend*. Brill.

- Om te wys op die tweërlei toepassings van wetenskap, naamlik 'n Christelike en 'n nie-Christelike beoefening van wetenskap en om aan te dring dat die Teologiese Ensiklopedie 'n onvervreembare organiese verband met die Christelike wetenskap het;
- Om aan te toon in welke mate die Teologie die Christelike wetenskap dien;
- Om aan te toon dat die verskillende Teologiese dissiplines/vakke organies aan mekaar verbind is aangesien dit vanuit dieselfde Teologiese beginsels spruit;
- Om die wetenskaplike karakter van die Teologie te handhaaf;
- Die objek van die Teologie te eerbiedig, verkeerde opvattinge aan te toon en die goeie uit ander benaderings te eerbiedig.

Volgens Kuyper<sup>20</sup> het die Teologiese Ensiklopedie ten doel om Teologie in homself te definieer as integrale deel van die wetenskap. In dié opsig moet Teologie ook in sy dele gedefinieer word. Hierin bestaan die doel van die Teologiese Ensiklopedie.

## 5. Die verdeling van Teologiese dissiplines deur die eeue

Tyd ontbreek om 'n uitgebreide geskiedenis te gee oor die ontwikkeling van die Teologiese Ensiklopedie totdat onder andere Bibliologie as Teologiese dissipline in die Ensiklopedie erken is. Enkele belangrike opmerkings is tog in dié verband nodig.

In die ontwikkeling van die Teologie as wetenskap speel 3 prominente tydvakke 'n belangrike rol, naamlik die Klassieke tyd tot en met die Renaissance; die Renaissance tot en met die rasionalisme; die modernisme tot vandag.

### 5.1 Die Klassieke tyd tot en met die Renaissance

In die eerste fase vind ons nie 'n formele verdeling van die Teologie in vakke of dissiplines nie. Die vereistes van die kerk en die praktyk het verskillende fokusareas identifiseer. Wat wel belangrik is, is dat die aanvanklike omvang van die studie van Teologie baie groot was.

Filosofie, Musiek, Retoriek, Astronomie en Teologie was so nou met mekaar in verband, dat jy jou kwalik kan indink aan 'n Teologiese skool tot en met die elfde eeu wat nie van teoloë verwag het om net so vaardig te wees in musiek, filosofie en retoriek as in die teologie nie. Trouens, die universiteitopleiding in die tyd van John Wycliffe (-1384) het soos volg daar uitgesien: die student het gewoonlik taalkunde, retoriek en logika as bykomende vakke tot die Teologie gehad om 'n BA graad te kry. Vir 'n MA was Musiek, Wiskunde en Astronomie as vakke verpligtend en vir 'n doktorsgraad kon jy net studeer in Medisyne, Regte, Musiek of Teologie.

### 5.2 Die Renaissance tot en met die rasionalisme

Die tweede fase word ingelui met die opkoms van die Renaissance. Tydens die Renaissance het 'n sterk skolastieke benadering wat swaar klem gelê het op die menslike rede en logiese bewyse. Hierdie klem het gaandeweg die Teologie as wetenskap se fokus op die openbaring van God begin verdring. Sommige reken Thomas Aquinas as die spilpunt waarom die Middeleeuse skolastiek gewentel het, bv. Gilson<sup>21</sup>. Hoewel Aquinas sterk op die rede van die mens aangedring het, het hy steeds die openbaring

<sup>20</sup> Kuyper, A. 1909. *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, Deel 1*. Kok: Kampen, p. 55

<sup>21</sup> Gilson, E. 1991. *The Spirit of Medieval Philosophy (Gifford Lectures 1933–35)*. Notre Dame, IN: University of Notre Dame Press, p. 490.

van God as die enigste voorwerp vir die Teologie aanvaar. Hoewel hy nie sekere Teologiese vakke as onbelangrik beskou het nie, het hy gemeen dat die Dogmatiek die belangrikste vak in die Teologie is en naas Filosofie, bestaan die Teologie vir Aquinas uit Dogmatiek.

In die jare daarna was daar 'n sterk poging van die skolastiek om die Teologie te laat opgaan in die Filosofie. Die skolastiek is egter in die sestiende eeu verbreek met Erasmus se slagspreuk: “terug na die Klassieke”. Hier kan ook gepraat word van die tydperk van die humanisme, wat die fokus laat val het op die fisiologiese studies, die oplewing in die studie van die tale, veral Grieks. Die skolastieke Teologie het Erasmus afgestoot<sup>22</sup>. Erasmus was van mening dat die kern van die Teologie in Bybelstudie lê. Die klassieke humanisme het egter so groot ruimte geskep vir die studie en herlewing van die klassieke tale dat dit later geblyk het dat die Teologie in gevaar was om deur die klassieke studies verslind te word.

Die Reformasie het egter duidelike skeidslyne tussen die Teologie, die Filosofie en die ander wetenskappe afgebaken.

Die eerste formele verdeling van die Teologie in Teologiese dissiplines vind ons by Andreas Hyperius (1511-1564) in die Bibliologiese, Dogmatologiese en Ekklesiologiese vakke. Hierdie verdeling is gehandhaaf, totdat Voetius die Teologie in die volgende dissiplines verdeel het<sup>23</sup>:

- Teologie en Filosofie
- Dogmatologie
- Bibliologie (Eksegese en Hermeneutiek)
- Polemiek
- Ekklesiologie (waaronder Patristiek en liturgiek ook gereken was).

Voetius stel die minimum vereiste vir Teologiese studie vas op 4 jaar.

### 5.3 Die modernisme tot vandag

Die derde fase word gekenmerk deur die opkoms van die Verligting, die Rasionalisme en uiteindelik die histories-kritiese bestudering van die Teologie. In hierdie tyd het Teologie mettertyd sy wetenskaplike aantrekkingskrag verloor.

Veral Schleiermacher se naam behoort hier gemeld te word. Schleiermacher was van mening dat Teologie eerder in die kategorie van die emosies hoort<sup>24</sup> en daarom het hy sterk verbande gesoek tussen Teologie en Psigologie. Vir Schleiermacher is die kerk (ekklesia) die voorwerp van die Teologie en derhalwe beskou hy die Teologie as die leer van die *Kirchenleitung (kerkleiding)*, wat in twee vakke verdeel kan word, naamlik kerkregering en kerkdienste, aldus Schäfer<sup>25</sup>. Die negatiewe hiervan is dat die karakter van die Teologie as kennis van God verander het na kennis van die kerk. Die eintlike doel van die Ensiklopedie is in hierdie tydperk uit die oog verloor.

---

<sup>22</sup>“Desiderius Erasmus” in *Stanford Encyclopedia of Philosophy*. Aanlyn beskikbaar by: <https://plato.stanford.edu/entries/erasmus/>

<sup>23</sup> Muller, R.A., 2003. *After Calvin: Studies in the Development of a Theological Tradition*. Oxford: Oxford University Press, p. 110-116.

<sup>24</sup> Sockness et al. 2010. *Schleiermacher, the Study of Religion, and the Future of Theology: A Transatlantic Dialogue*. New York: de Gruyter, p. 108.

<sup>25</sup> Schäfer, R. 2001. *Wissenschaftliche Theologie und Kirchenleitung*. Tübingen: Paul Siebeck, p. 203.

## 6. Die Gereformeerde verdeling van die Teologiese Ensiklopedie

Onder Gereformeerdes bestaan daar min verskil oor die verdeling van die Teologie in dissiplines. 4 groepe vakke word onderskei, naamlik die Skrif (Bibliologie), die kerk (Ekklesiologie), die leer (Dogmatologie) en die ampte (Diakoniologie). Soms is daar verskil oor die vaknaam of die volgorde.

Ons volstaan by die 4 hoofdele.

## 7. Bibliologie as Teologiese vak

Wat die Bibliologiese vakke betref, kan onderskei word tussen 3 hoofdele, naamlik: die kanoniese vakke, wat op die Bybel as geskryf fokus; die eksegetiese vakke wat op die uitleg van die Bybel fokus en die meta-vakke wat met die getuigenis aangaande die Bybel te doen het. Omdat die Bybel in die Ou- en Nuwe Testament in verskillende tale geskryf is, is dit gebruikelik om die Bibliologie onder te verdeel in die Ou-Testamentiese wetenskap en die Nuwe-Testamentiese wetenskap. Vir die doel van hierdie referaat fokus ek dan net op die Nuwe-Testamentiese wetenskap.

### 7.1 Die kanoniese vakke van die Nuwe Testament

Onder die kanoniese vakke word 'n tweeledige verdeling gemaak, naamlik: *die canonica generalis* (*algemene kanoniek*) en die *canonica specialis* (*besondere kanoniek*).

- a. Die algemene kanoniek handel oor die Nuwe Testament as geheel, sy ontstaan, samestelling, erkenning, en sy historiese gang deur die eeue, met ander woorde die kanongeskiedenis en die teksgeskiedenis. Hieronder vind ons 'n vak soos Kanongeskiedenis.
- b. die besondere kanoniek handel oor die literatuur-historiese ondersoek van die afsonderlike boeke van die Nuwe Testament. Eers moet elke boek van die Nuwe Testament ondersoek word, eers op homself, en dan as lid van die kanon. Die ontstaan en geskiedenis van elke boek word ondersoek, waarby gelet word: eers op uitwendige gegewens, daarna op inwendige gegewens, dit wil sê op die inhoud van die boek self. Hier word nagespeur die herkoms, tyd en omstandighede van ontstaan, outeurskap, doel van skrywe, hoofinhoud van die geskryf, ens.

Daarna word gelet op die vraag of dit 'n oorspronklike of saamgestelde geskryf is, die metode van die outeur, kronologie en sistematiese behandeling van die stof, werk van 'n tweede moontlike outeur, en eindelik sy opname in die kanon.

Voorts behoort die kanonieke karakter toegelig te word deur die besondere inspirasie daarvan te ondersoek. Ook die bepaalde betekenis van die geskryf vir die kanon, en sy gebruik in die kerk. Op hierdie laaste aspekte word egter minder klem gelê, aangesien dit 'n tema is wat normaalweg breedvoerig in die Dogmatologie bestudeer word. Hieronder hoort die vak Nuwe Testament Inleiding.

### 7.2 Die eksegetiese vakke van die Nuwe Testament

Onder hierdie deel van die Nuwe-Testamentiese wetenskap vind ons die heilige taalkunde (Grieks)<sup>26</sup>, hermeneutiek, tekskritiek en eksegeses (waaronder Bybelvertaling)

---

<sup>26</sup> Deur die geskiedenis word die Bybeltale beskou as die *filologia sacra* (die heilige taalkunde)

### **7.3 Die meta-vakke van die Nuwe Testament**

Onder hierdie vakke hoort Bybelse Argeologie en oudheidkunde; Antieke kultuurgeskiedenis; Bybelse Teologie en Patristiek.

### **8. Samevattend**

As Christene, behoort die Bybel sentraal te wees in ons lewe. Om die Bybel in sy historiese-, kulturele- en literêre konteks te lees, en terselfertyd op hoogte te wees van die wyse waarop die Christelike denke deur die eeue gevorm is, is Teologie as wetenskap onlosmaaklik deel van die opdrag van die kerk om dissipels van al die nasies te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy ons beveel het (Matt. 28:19).